Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BMus (01132003)

Duur van studie	4 jaar
Totale krediete	480
Kontak	Prof AF Johnson alexander.johnson@up.ac.za +27 (0)124202316

Programinligting

Hierdie program is gerig op die verwerwing van spesialis-musiekvaardighede en -kennis. Die program kan so saamgestel word dat studente ná afloop daarvan gekwalifiseerd is vir ’n groot verskeidenheid musiekverwante beroepe, wat onder andere die volgende insluit: solo-uitvoerder, orkes- of kamermusiekspeler, musiekonderwyser op alle vlakke (vir individuele sowel as groeponderrig), musiekwetenskaplike, en -tegnoloog asook entrepreneur en impressario.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Junie jaarliks (laat aansoeke op aanvraag).

Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Kandidate wat voldoen aan die minimum vak- en prestasievereistes sowel as die TPT-vereistes van hierdie programme sal in die programme geplaas word, onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke. Bogenoemde is nie van toepassing op keuringsprogramme nie.
- Om toelating te behou, sal daar van leerders verwag word om 'n TPT van ten minste 28 in Graad 12 te behaal. Voornemende studente wat reeds voorlopige toelating tot hierdie programme ontvang het, maar 'n TPT van ten minste 27 in Graad 12 behaal het, sal deur die Toelatingskomitee oorweeg word indien plekke beskikbaar is. Die Toelatingskomitee van die Fakulteit Geesteswetenskappe sal hierdie studente oorweeg sodra die uitslag van die Nasionale Normtoets (National Benchmark Test – NBT) beskikbaar is en onderhewig aan die beskikbaarheid van plekke.
- Die Fakulteit sal bevredigende resultate in die NBT beoordeel in die lig van sy onderneming om te verseker dat ‘n voldoende gedeelte aansoekers uit die histories benadeelde kategorie van die bevolking getrek word.
- Aansoekers wat aan die minimum TPT-vereistes voldoen, maar nie aan die vakvereistes nie, moet die NBT aflê.
- Lewensoriëntering word uitgesluit wanneer die TPT bereken word.
- Departementele keuring vind plaas aan die hand van ’n praktiese sang- of instrumentuitvoering van 15 minute lank, asook ’n teoretiese toets. Vereiste vakke: Musiek met minstens ? 4 (50-59%) as Graad 12-vak of Graad VII Prakties en Graad V Teorie (Unisa/Royal Schools/Trinity), asook kennis van musieknotasie. Studente wat voorlopig vir BMus gekeur is, moet ’n verdere praktiese keuringstoets aflê. Die datum vir dié keuring word in oorleg met die programkoördineerder bepaal.

Minimum vereistes				
Prestasievlak				**TPT**
Afrikaans of Engels				
NSS/IEB	HIGCSE	AS-Level	A-Level	
5	3	C	C	30

Addisionele vereistes

Departementele keuring is 'n vereiste vir toelating tot hierdie program.

Toelating is onderworpe aan toetse in die eerste instrument, musiekteorie en harmonie. Vlak 4 in Musiek as Graad 12-vak of Graad VII Prakties en Graad V Teorie (Unisa, Royal Schools, Trinity) – asook kennis van musieknotasie – dien as riglyn vir die verwagte standaard.

Ander programspesifieke inligting

Studente wat nie in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is nie, word vrygestel van VAG 110 en VAG 125.

Let wel:

- MME 400 kan slegs geneem word as die eerste instrument klavier is.
- MEI 403 is uitvoerende kuns, met ’n publieke konsert van 1 uur in die tweede semester
- Die keuse van ’n instrument berus op die veronderstelling dat ’n geskikte dosent beskikbaar is. Die Universiteit aanvaar nie die verantwoordelikheid om so ’n dosent aan te stel waar die normale koste oorskry word nie.
- Om tot MTI 100 (Tweede instrument) in enige instrument behalwe perkussie, orrel, klavesimbel of sang toegelaat te word, moet ’n student minstens Graad V Unisa of ’n vergelykbare standaard in dié instrument bereik het; in die geval van orrel, klavesimbel, perkussie en sang, geskied toelating volgens die diskresie van die departementshoof.
- **Praktiese musiek**

  Studente kies ’n eerste en ’n tweede instrument uit die volgende: sang, klavier, klavierbord, orrel, klavesimbel, viool, altviool, tjello, kontrabas, fluit, hobo, klarinet, fagot, Franse horing, trompet, tromboon, tuba, slagwerk, harp, kitaar, blokfluit, saksofoon en ensemble. Jazz en/of klassieke rigtings word toegelaat, volgens beskikbaarheid.

- **Bywoningsmodules**

  (i) Bo en behalwe die modules wat in die leerprogram genoem word, is studente verplig om die weeklikse voordragklasse en tweeweeklikse seminare by te woon.

  (ii) Studente wat orkesinstrumente as eerste instrument bespeel, moet in die UP-orkes of in ander ensembles speel – dit is ’n akademiese deel van die praktiese module. Studente moet uittreksels uit die Orkes- of tersaaklike ensemble-repertoire speel tydens die Junie- en Novembereksamens, en dit sal 10%

van die totale punt tel. Daar word van studente verwag om ten minste 80% van die repetisies by te woon en om beskikbaar te wees vir konserte. Sien ook die betrokke modulebeskrywing.

(iii) Onbevredigende bywoning van voordragklasse, seminare en orkesrepetisies kan volgens die diskresie van die departementshoof tot verlaging van studente se MEI-/MPM-jaarpunt lei.

Bevordering tot volgende studiejaar

Toelating tot die tweede studiejaar

Slaag minstens 108 krediete van musiekmodules op jaarvlak 1

Toelating tot die derde studiejaar

Slaag alle krediete op jaarvlak 1 (142 krediete) asook minstens 130 krediete van musiek-modules op jaarvlak 2.

Toelating tot die vierde studiejaar

Slaag alle krediete op jaarvlak 2 (155 krediete) asook minstens 110 krediete van musiek-modules op jaarvlak 3.

Slaag met lof

Ten einde die graad met lof te verwerf, moet ’n student ’n geweegde gemiddelde van minstens 75% vir die modules op finalejaarsvlak behaal.

Kurrikulum: Jaar 1

Minimum krediete: 120

Fundamentele modules

Academic literacy 110 (ALL 110) - Krediete: 6.00
Academic literacy for Humanities 125 (ALL 125) - Krediete: 6.00
Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101) - Krediete: 6.00

Kernmodules

Eerste instrument 100 (MEI 100) - Krediete: 20.00
Musiekteorie 102 (MKT 102) - Krediete: 20.00
Gehooropleiding 100 (GHO 100) - Krediete: 10.00
Musiekwetenskap 120 (MGS 120) - Krediete: 10.00
Musiekteorie 100 (MKT 100) - Krediete: 20.00
Musiekwetenskap 110 (MGS 110) - Krediete: 10.00
Algemene musiekleer (1) 110 (MAM 110) - Krediete: 6.00
Algemene musiekleer (2) 120 (MAM 120) - Krediete: 6.00

Keusemodules

Metodiek: Eerste instrument 100 (MME 100) - Krediete: 10.00
Tweede instrument 100 (MTI 100) - Krediete: 10.00
Musiekopvoeding 170 (MPE 170) - Krediete: 10.00

Kurrikulum: Jaar 2

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Gehooropleiding 200 (GHO 200) - Krediete: 12.00
Eerste instrument 200 (MEI 200) - Krediete: 30.00
Musiekwetenskap 210 (MGS 210) - Krediete: 12.00
Musiekwetenskap 220 (MGS 220) - Krediete: 12.00
Musiekteorie 200 (MKT 200) - Krediete: 30.00

Keusemodules

Tweede instrument 200 (MTI 200) - Krediete: 12.00
Komposisie 200 (KPS 200) - Krediete: 12.00
Metodiek: Eerste instrument 200 (MME 200) - Krediete: 12.00
Musiekopvoeding 270 (MPE 270) - Krediete: 12.00

Kurrikulum: Jaar 3

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Musiekwetenskap 320 (MGS 320) - Krediete: 18.00
Eerste instrument 300 (MEI 300) - Krediete: 30.00
Musiekwetenskap 310 (MGS 310) - Krediete: 18.00

Keusemodules

Musiektegnologie 302 (MCS 302) - Krediete: 18.00
Metodiek: Eerste instrument 300 (MME 300) - Krediete: 18.00
Tweede instrument 300 (MTI 300) - Krediete: 18.00
Musiekteorie 300 (MKT 300) - Krediete: 18.00
Musiekentrepreneurskap 300 (MKZ 300) - Krediete: 18.00
Komposisie 300 (KPS 300) - Krediete: 18.00
Musiekopvoeding 370 (MPE 370) - Krediete: 18.00
Capita selecta: Musiek 300 (MCS 300) - Krediete: 18.00

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 120

Kernmodules

Research essay 400 (MKS 400) - Krediete: 40.00

Keusemodules

Musiekwetenskap 420 (MGS 420) - Krediete: 20.00
Musiekentrepreneurskap 400 (MKZ 400) - Krediete: 40.00
Metodiek: Eerste instrument 400 (MME 400) - Krediete: 40.00
Musiekopvoeding 470 (MPE 470) - Krediete: 40.00
Eerste instrument 403 (MEI 403) - Krediete: 40.00
Komposisie en orkestrasie 400 (KPS 400) - Krediete: 40.00
Capita selecta: Musiek 401 (MCS 401) - Krediete: 40.00
Musiekwetenskap 410 (MGS 410) - Krediete: 20.00
Musiekteorie 400 (MKT 400) - Krediete: 40.00
Capita selecta: Musiek 402 (MCS 402) - Krediete: 40.00
Eerste instrument 400 (MEI 400) - Krediete: 40.00

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.